Die Basuin

Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God. ***(Efesiërs 1:7)***

Afkondigings vir Sondag 2 Februarie 2020

Vir vandag:

09:00 - **Erediens - Ds Louis Brittz**

09:00 - **Gesinsdiens - Wihan Rossouw (2 Timoteus 3:10-17)**

Tee na eredienste

10:00 - **Kategese : Voorskool tot Gr 10** ***(Josef en Farao se drome)***

10:00 - **Belydenisklas** ***(Die Bybel)***

10:00 - **Mediasentrum oop**

10:00-10:30 - **Kerkkantoor oop**

Huisgeloofteks
Lees gedurende die week as gesin saam Exodus 12:1-16

Gelukwensinge:

Namens die leraars, kerkraad en gemeente, hartlik geluk aan:

Hennah Raath van Wilgers Aftreeoord 127, met die 82ste herdenking van haar geboortedag op 4 Februarie (083 548 9645)

Gebedsgids:

Vir versoeke vir voorbidding, skakel gerus ***René Steyn*** *by die kerkkantoor* ***(012 803 1531)*** *of vul 'n kontakkaartjie in.*

Die volgende lidmate het voortdurend u voorbidding nodig:
Chris le Roux (083 946 5751)
Rika Roodt (083 236 4038)
Riekie Booyse (072 458 0244)
Johan Pretorius (071 009 7340)
Timo Wassermann (072 264 0420)
Hoppie Kruger (082 442 0259)
Nils Anderson (012 803 2598)

Bid asb vir:
Annette Serfontein wat in Wilgers Hospitaal is (082 853 0415)
Marlene du Toit wat herstel na 'n operasie (082 559 7899)

Aandag alle dienswerkers
Die Goeie Nuus en ander uitdeelstukke vir Februarie is beskikbaar in die konsistorie.

Koop-'n-Bybel-Gee-'n-Bybel
Voor in die kerk/saal is 'n **Zulu Bybel** gratis beskikbaar. Enigeen kan dit neem om vir iemand te gee wat nie 'n Bybel het nie.

Hierdie week:

Maandag 3 Februarie

17:30 - **Bybelstudie vir vroue.** Almal baie welkom. Skakel Hermien (076 895 8855)

Dinsdag 4 Februarie

08:00 - **Personeelbyeenkoms**

09:30 - **Erediens by Wilgers Aftree-oord - Ds Izak Liebenberg**

Woensdag 5 Februarie

07:00 - **Vroeë biduur** *(kerk)*

09:00 - **Ester Bybelstudie** by Greta Engelbrecht (012 803 0833)

09:00 - **Bybelstudie.** Almal welkom *(sysaal)* - **Prof Phil Botha 'n Reis deur die Psalms**

10:00 - **Senior Bediening in die saal.** *Kom vertel ons wat jou geliefde bybelvers is en waarom.* Vervoer beskikbaar. Reël asb vooraf met **Suna Welgemoed (012 803 1680)**

14:30 - **Bybelstudie by Willow Estate Ds Izak Liebenberg**

Donderdag 6 Februarie

09:00 - **Vrouebybelstudie** *(sysaal)*

14:00 - **Naaldwerkklas**

15:00 - **Middagbyeenkoms by Wilgers Aftreeoord**

Sondag 9 Februarie

09:00 - **Erediens - Dr Lourens Bosman**

09:00 - **Gesinsdiens - Wihan Rossouw (Romeine 3:21-33)**

Onthou asseblief ons motorwagte

Afkondigings / Advertensies:

Uiteenlopend, maar beide laat jou in verwondering

Die Mediasentrum stel graag twee baie uiteenlopende, maar treffende boeke bekend:

A Pale Horse – Wendy Alec
Al is dit deel van die reeks "Chronicles of Brothers", kan die boek op sy eie gelees word. As jy 'n voorliefde het vir toekomsfiksie (die verhaal speel af in 2025) of selfs "sci fi" (wetenskap-fiksie), sal hierdie hemelse fiksie jou interesseer. In hierdie boek is hemel-se magte en die bose in 'n stryd gewikkel wat terselfdertyd in die hemel en op aarde afspeel, en die lewe van volke en individue be-paal. Die boek konfronteer jou met die ewigheid en die wete dat die Lig uiteindelik oor die duisternis regeer.

Indescribable – Louis Giglio & Matt Redman
Ons ken die DVD met dieselfde titel, maar in hierdie boek werk Giglio en Redman saam om die misterie van God se skepping bladsy vir bladsy voor jou oop te sprei. Hierdie boek help jou om verder as ooit tevore in die ruimte te kyk, maar terselfdertyd trek dit jou met elke bladsy nader aan God. Op die ou end spoor dit jou aan om die God van die skepping te eer.

Die Mediasentrum is oop van 10:00 tot 11:00. Kom blaai gerus deur ons voorraad boeke, CD's en DVD's.

Jong volwassenes

Ons hou DV **Vrydag, 7 Februarie,** om **19:00** 'n byeenkoms saam met al die jong volwassenes in die gemeente. Ons beplan om lekker saam koffie te drink en te kuier. Ons gaan ook gesels oor moontlike kleingroepe en 'n kamp bespreek. Almal is welkom! Vir navrae kontak **Wihan Rossouw (073 489 1414)**

Meyerspark - Fasiliteringsproses
Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering wat Maandag 27 Januarie 2020 gehou is, het die kerkraad dr Lourens Bosman ontmoet wat die leiding gaan neem met die fasiliteringsproses wat binnekort in die gemeente begin. Die hele proses is daarop gemik om nuut te kyk na die behoeftes en die samestelling van ons gemeente en ook te vra: Wat wil die Here vir ons sê oor die toekoms en die pad vorentoe.
Dr Bosman het die proses aan die kerkraad verduidelik en sal dit volgende Sondag tydens die erediens ook aan die gemeente verduidelik. Die kerkraad het die proses goedgekeur en 'n taakspan aangewys wat help met die praktiese reëlings. Alle lidmate kan deelneem aan hierdie proses en op **16 en 23 Februarie** sal daar tydens die eredienste ook 'n vraelys wees waarop u kan reageer. Op **Saterdag 14 Maart** sal daar van **08:00 tot 11:30** 'n byeenkoms in die saal wees vir almal wat wil saam droom en saam beplan vir die pad vorentoe. Daar sal deurlopend aan die gemeente terugvoer gegee word oor die verloop van die proses.

* Intussen vra ons dat jy saam met ons bid dat die Here voor ons uitloop en ons op hierdie pad lei.

Jeugbyeenkoms
Ons gaan DV **Sondag, 9 Februarie**, om **17:00 vir 17:30-18:30** in die saal 'n jeug-*worship*-aand hou. Ons byeenkoms gaan hoofsaaklik uit sang bestaan, wat hoofsaaklik kontemporêre aanbidding musiek of *Woship* gaan wees. Ons *repertoire* bestaan onder andere uit skrifberymings van Retief Burger, Louise Brits, Chris Tomlin, Hillsongs ens.

Ons gaan van **17:00-17:30** lekker saam kuier en koffie drink en **17:30** begin met die sang. Ons gaan ook geleentheid skep vir Voedsel-vir-die-siel en gebed en sal teen 18:30 klaar wees met ons verrigtinge.

Vir navrae kontak **Wihan Rossouw (073 489 1414)**

#Imagine Kamp
Knoop **27 tot 29 Maart** in jou oor. Dit is die naweek van die #Imagine Experience kamp! Hierdie kamp is begin deur NG dominees wat 'n leemte gesien het in tienerbediening en het uitgekring tot 'n landswye interkerklike kamp.

Hier sluit tieners en jeugleiers aan by 'n dinamiese program wat bestaan uit wonderlike geleenthede vir geestelike groei, motiveringspraatjies, onvergeetlike aanbiddings, multimedia-aanbiedings, werkswinkels, groepsbesprekings, berading, viering gemeenskap, en lekker aktiwiteite. Kom leer, lag en ervaar Christenskap soos nog nooit tevore nie! #Imagine Experience motiveer ook jongmense om betrokke te wees by gemeenskapsaktiwiteite waarmee plaaslike organisasies en kerke sal voortgaan.

Meer inligting sal volg soos dit bekend gemaak word.

Die bekende en gewilde

MATHYS ROETS

Kom binnekort na Meyerspark!

Wie ken nie reeds sy gewilde lied *"in my lewe" nie?*

Hy sê self oor sy lewe: "gebonde – nie gebroke"

Bederf jouself, jou gesin, familie en vriende en kom luister en wees deel van nog 'n heerlike kuier geleentheid aangebied deur die Vrouebediening!

DV op SATERDAG 7 MAART om 09:00 vir 09:30 in die Kerksaal

Die kaartjies kos **R100** per persoon en sal beskikbaar wees by Vrouebediening bestuurslede en die kerkkantoor.

Administratief:

Leraar:	E-pos	Kontak:
Ds. Izak Liebenberg	ilieb@absamail.co.za	083 407 7858
Wihan Rossouw (Jeugwerker)	w.rossouw2@gmail.com	073 489 1414

Bankbesonderhede:

Vir direkte inbetalings:
-NG Gemeente Meyerspark
-Absa Bank, Rek.-nr. 070 580 470
-Tak-nr. 632005
As verwysing: Voorletters en van

Kaartfasiliteite : Kerkkantoor
Kaartfasiliteite is in die kerkkantoor beskikbaar vir alle transaksies

Fasiliteiteverhuring:

Vir die verhuring van stoele, tafels en lokale, kontak: **Andries Joubert by 078 257 9783.**

Afkondigings / Advertensies:

Indien u graag 'n afkondiging of advertensie in die Basuin wil plaas: Kontak **René Steyn** by die kerkkantoor. Of e-pos die inhoud na ngmeyerspark@absamail.co.za

Hulpbronne:

Vir enige boeke/dvd's/cd's vir uitleen, besoek gerus ons mediasentrum in die sysaal.
Oop: Sondae : 10:00—11:00

Kerkkantoor:

Tel: 012 803 1531
Faks: 012 803 9289

E-posse:
(**René** : Administratiewe Beampte)
ngmeyerspark@absamail.co.za
(**Beryl** : Finansiële Beampte)
ngmeyersparkfin@absamail.co.za
Kantoorure:
Ma-Vr: 08:00– 13:00
So: 10:00–10:30
(gedurende skooltermyne)

Maak kontak:

Wil u graag… Meer inligting oor die gemeente bekom/ by 'n kleingroep inskakel/ 'n afspraak maak met 'n leraar/ vra vir voorbidding/ getuienis lewer/ terugvoer gee of 'n saak onder ons aandag bring? Vul asb. 'n kontakkaartjie in en plaas dit in die kollektesakkie.

Meyerspark buurtwag:

Web: Buurtwag.co.za
E-pos: admin@buurtwag.co.za

Besoek ons webblad by www.ngmeyerspark.co.za